## Krisistye: Gods Oordele op die Aarde

Jes. 26:9 (1-13)

Wt. 29 Jun. 1941.
Orania 10 Nov '46

Ps. 68: 1, 2.
Ges. 32: 1, 3.
~~Psalm~~ 130: 4.

Jes. 26:9 - Want as u oordele op die aarde is, dan leer die inwoners van die wêreld geregtigheid.

Dit vra geen profeet om te sê dat ons mensdom en ons wêreld van vandag 'n ontsettende krisistyd beleef nie. Die bewyse d/van vind ons nie alleen in die nuus v. elke dag nie, mr. nog meer in die gees van die mens self. Elke week, elke dag, elke oomblik is daar nuwe veranderinge in die loop v.d. gesk. Oral tref 'n mens 'n koorsagtige begeerte aan om wêreldgebeure te bespreek: die nuwe situasie, die nuwe kanse v.d. vegtende partye, stand v. sake.

— Op sigself is dit nie verkeerd of te veroordeel nie mr. die vr. ontstaan onwillekeurig: Kyk ons ver genoeg? Diep genoeg? Is ons besig om onder die opp. te kyk en te vra: nie wat wil díe volk of dd. volk nie mr Wat wil God? Wat is Sy doel met dit alles? Hoe moet ons die krisis + die chaos sien in die lig van Sy Wd? / 'n Mens raak bevrees dat ons so sterk beïnvloed word deur ons draadlose, koerante en kruggesprekings dat ons vergeet, totaal vergeet, dat die enigste vr. van belang wat die Kten 'n ~~uitgang~~ moet vra hd. vr is:
Wat wil God met dit alles?

— Ek weet dit is 'n onaangename vr. om te vra - ontwyk ons graag die sê beantw. Niemand, geen mens wil hd. vr. ~~om~~ dwing om ons self eerlik te ondersoek. Kyk nie omdat die antw. my en u wat hd. vr. Mr. dis nie mense wat dit vra en d/om mag ons nie d/van wegskram nie. dis Gods Wd. Dié enigste manier stel nie. om agter d. w/heid te kom van enige saak, ook van hd. saak is om te vra: Wat sê Gods Wd. van onstyd? Wat is Sy uitspraak? Wat wil Hy die wêreld leer, die Kerk, my - sy Kind? Hoe moet ek staan t/oor al dié dinge?

Wil v.m. probeer om by die lig v Gods Wd en met die leiding v Gods Gees in ons harte dié vr. te beantw. D/voor as uitgangspt Jes 26:9. Daar lees ons: "Want as u oordele op die aarde is, dan leer die inwoners v.d. wêreld geregtighd"

2.

I **Tyd van Krisis is Gods Oordeel oor die Wêreld**

- Jesaja het geleef in 'n Krisiatyd: 'n tyd van nood op tyd. & geest. gebied. Mens hoef nr. net sy profesie deur te lees om te besef: hier praat 'n man wat die ontwrigting en degenerasie van sy tyd diep aanvoel en deurleef:

i) Tyd van oorlog en geweld binne en buite sy vaderland - groot kragsmeting van volkere, tyd van verwoesting en vernietiging, bloedvergieting en doodslag: (staatk. Krisis)

ii) Tyd van ellende in maatskappy, armoede, getrek, verbrokkeling v.d. familielewe, singenot en opp. vermaak - (maatsk. Krisis)

iii) Tyd van bedrog in handelslewe, omkopery, woekerwins, verryking van 'n (handjievol) ~~paar~~ ten koste van duisende - (ekon. Krisis)

Bo-al: iv) Tyd van morele verrotting, beloftes geen krag, waarheid verdraai, ontrou vier hoogty: (sedel. Krisis).

→ Al hd. dinge sien Jesaja om hom aangaan & dit gryp hom so aan dat hy deur God gebruik word om dit aan die volk te openbaar. Hy skroom nie om aan die hele wêreld te sê: dis die oordeel v God oor die volk & die mensdom v sy tyd - dis die ~~aan~~ vingerwysing v God ~~aan die muur~~, die onmiskenbare handskrif aan die muur! Dwarsdeur die hele Jesaja net die een gedagte: die God wat geskep het, is nog altyd die God wat regeer en beskik. En as daar rampe en chaos & krisis oor die wêr. kom is dit God wat dit stuur, is dit die Here wat praat met die mens!

- En wat God toe gedoen het, doen Hy vandag nog - wat Hy toe wou sê aan die Joodse volk sê Hy v.d. nog aan elke volk v.d. wêreld / So sien ons v.d. in die krisis & chaos v ons tyd die oordeel van God oor ons lewe en werk // In al hd. dinge moet ons luister na die stem v G wat praat met elke mens, met elke volk, met die hele wêreld.

Ons hoef nr. net vir 'n oomblik die gordyn te laat opgaan oor die wêreldtoneel v. v.dag om te besef dat die krisis die bewys is van Gods oordeel oor die wêreld, ons volk, elkeen v ons: ~~pers~~

3.

i) Staatk. gebied: Ons dink aan die ~~oorlog~~ wêreldbrand met al sy verwoesting & vernietiging, duisende huisgesinne opgebreek, onskuldige vroue, kinders & ouers v dae wat moet ly; ons dink aan die verbreking en nie-nakoming van verdrae wat slegs geld solank dit die volkere se eie ~~doel~~. voordeel besorg: voddetjies papier sonder enige waarde; die oneerlike en bedrieglike diplomasie tussen volkere waar eerlikheid en trou feitlik nie meer geld nie - geen wonder dat al sulke dinge moes lei tot 'n krisis nie - geen wonder dat God sy oordeel h/oor moes uitspreek nie! Want hoe kan 'n regverdige, waarlik lewende God sulke dinge goedkeur?

ii) Maatsk. gebied: Ons dink aan die Klassestryd, die ophitsing en geweldpleging van een groep teen die ander; armoede en ellende van duisende te midde van oorvloed wat God aan die mensdom gegee het; verbrokkeling v.d. huweliks- en familielewe; d. perverse en verdraaide ontspanning en opp. vermaak van ons tyd - dink aan al die ou mtsk. instellings wat wigee en kraak onder die druk v.d. nuwe dinge - wat is al hd. dinge anders as die oordele van God oor die mens?

iii) So kan ons nog noem die handels- en besigheidslewe v. vandag met al sy suipery en eiebelang en bedrieëry en oneerlikhd - om nie eens te praat v.d. sedelike lewe van ons tyd: wat is al hd. toestande anders as Gods oordele oor die aarde?

II **Die Oordele die Gevolg v.d. Sonde v.d. Mens:**

Dit spreek vanself dat as 'n mens oor die dinge nadink die vr. opkom: Nr. wat is dan die oorsaak daarvan? Waaruit spruit al hd dinge voort? W/om laat God al hd. dinge toe? → Baie soek dit by God?

So aanskou ons elke dag, soos Jesaja ook aanskou het, hoedat die een die skuld van alles soek by dié, die ander by dd: as dit nie hd. volk is nie, dan dd. sisteem, as dit nie hd. - inwoner is nie, dan dd. instelling, of hd. verdrag of dd. ooreenkoms die oorsaak

- Miskien mag al die redes in sekere mate waar wees v.d. huidige toestand, nr Gods Wd sê nie so nie - - die oorsake gaan baie verder en baie dieper. Ind. grond v.d. saak is daar net een diep oorsaak en dit is dat die oordele v God die gevolg is v.d. sonde v.d. mens.

God sê: by Jesaja is daar geen ander oorsaak as net dit; „My volk het teen My oortree; Israel het geen Kennis nie, my volk verstaan nie; Hulle het die Here verlaat, die Heilige v Isr. versag, hulle het agtertoe weggedraai – hulle het My weg verlaat."

Dwarsdeur die hele boek net die een gedagte: God straf die volk omrede van sy ongeregtighede, sy afdwaling, sy eiewaan en hoogmoed: die grondoorsaak is: volk het hom losgemaak van Sy Lewensbron – ander gode gaan dien

En Jesaja laat ook baie duidelik aan die volk verstaan dat almal skuldig is: niemand, nie een mens kan sê: Ek het nie geweet nie! God sê ~~[illegible]~~ ons: Hoe presies waar v. ons lewe v/dag: Almal van ons hele as mensegeslag is in Adam skuldig – g'neenkan sê ons was onkundig – ons het nie lig gehad nie!

Dink net aan die lig wat O gegee het:

① Lig v Sy Wd met Sy wet en voorskrif

② Lig v Sy Seun wat ons die weg v.d. lewe bekend gemaak het!

③ Lig v ons verstand: ons kennis en insig, wat gelei het tot soveel handende uitvindings, bedoel om d. lewe v.d mens te verryk & veredel en God daarmee te vereer. En wat sien ons? I.pr. dat al die dinge gebr. word tot opbou het hulle net die teenoorgestelde gevolg: aanskou die misbruik en die verwaarlosing, die vermetiging v.d. stoflike & geest. lewe v.d. mens!

→ Ons noem net die draadloos, 'n gawe v God, gegee vir die verspreiding van kennis & kultuur, die saamsnoer van volkere & rasse, gesonde vermaak & ontspanning: > geword instrument in hande v.d. duiwel om die lewe v.d mens te verderf (~~met~~ ~~sy leuenpropaganda, verdraaiing v.d. waarheid, ophitsing~~).

→ So al die minerale & ander rykdomme v.d. ~~wêreld~~ aardbol – yster, tin, ~~katoen~~ olie bedoel om mens te voed en versadig aangewend dood en verderf te saai

Dit alles bring ons net tot die een gevolgtr: Die mens ken Sy God nie meer nie, het v O afgedwaal,



die mens besit nie meer die geestel. krag om hipself uit hd. moeras uit te trek nie > hy is besig om ander gode te dien.

As ons sulke dinge hoor is dit asof 'n stem in ons binneste sê: Mr. ek is nie skuldig aan dd. dinge nie – ek het daar niks mee te doen nie! Hoor egter wat se Jesaja: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is!" So praat Jesaja om aan ons te wys dat God nie kyk na die uiterlike dinge ~~dade~~ nie, mr. na die gesindheid van ons harte: die haat, die liefdeloosheid, die eiebelang, die vrees, die grootsheid v. naam wat in almal v ons se harte skuil. Dis wat lê agter al die gebeurtenisse v. hd. dinge wat lê agter al die gebeurtenisse v. vldag – daar lê die wortel v.d. kwaad. Oral waar ons iets v. hd. gees v.d. Bose openbaar in ons eie lewes is ons besig om ons druppel in te gooi in die groot wêreldsee – is ons besig om ons stootjie te help gee om die wêreld die afgrond te laat instort ∆ In die grond v.d. saak staan een en almal skuldig voor die geregte oordeel v God! En as dit nie was vir die dankbaarheid & spesiale genade en liefde van God nie, wat ons tot hiertoe bewaar het, – waar was ons? Hoe kan ons anders as uitroep:

Zoo Gy in 't regt wil treden
O Heer & gadeslaan
Ons ongeregtigheden
ach wie zal dan bestaan?"

## III Gods Doel met Sy Oordele.

Mr. Goddank, dis nie die einde nie! Jesaja gaan verder en gee ons die ding wat ons soek nl. Gods doel met dit alles: „As u oordeel op die aarde is, dan leer die inwoners v.d. aarde geregtigheid" [~~Dit is asof Jesaja sê: die inwoners v.d. aarde wil nie geregtigheid leer nie, wil die Gods weg wandel nie, totdat God Sy oordele stuur: & dan eers leer hulle~~] Sy doel: geregtigheid En dis die ding waar ons na soek want as ons nie kan verstaan waarom dit alles gebeur nie het

niks vir ons meer 'n betekenis nie. So sien ons dan:
(i) Dat God Sy vaste doel het met die oordeel:
Hy het Sy plan, Sy gedagte, Hy het Sy idee
wat Hy besig is om uit te werk. God wil
ons in h.d. dae soos vir die Isr. volk in Jes.
se tyd, sekere dinge leer: dié Krisistyd is
die leerskool v God vir die mens – Krisistyd
is Gods ploegtyd wanneer Hy diep ploeg en al die
klippe en stompe uithaal, om die ~~aarde~~ grond
voorbereid te maak vir die saad Maak nie
vermetel nie, laat nie onnodig swaarkry nie: God het Sy Doel –
Hy weet wat Hy wil! Tyd!
ii) Die doel is geregtigheid: Die saad wat Hy wil
saai is geregtigheid – die nuwe besef van ons
heilige plig voor God en voor ons medemens!
So wil God ons in h.d. dae weer opnuut leer wat
geregtighd beteken. Hy wil ons leer d.d aarde
behoort nie aan dié of dd. volk nie, maar „aan
die Here, die wêreld & dié wat daarin woon"
So wil Hy ons leer dat daar lewensruimte is
vir almal, werk vir almal, kos & klere vir
almal – maar ons moet eers Sy geregtighd leer!
iii) J.X. alleen kan ons dit leer: En dd. geregtighd kan
net een Man ons leer: J.X. Alleen Hy kan
ons laat verstaan dat God ons almal geskape
is, ons Sy kinders, & dat ~~ons~~ ware geregtighd net
daarin bestaan dat ons die sonde in ons eie
lewe en in ander s'n sal sien, sal besef,
a.d. lig sal bring & heeltyd dra soos Xt.
die sonde v Sy dissipels. Van sy volk. v.d. wêreld
gedra het: aan die kruis v Golgotha –
Want dit is ware geregtighd: nie dat ons
sal veroordeel, nie dat ons sal wraakneem, nie
dat ons sal haat waar ander haat, nie dat
ons sal sondig as ander teen ons sondig: maar
dat ons die haat en die woede en die wraak
van ander sal dra, soos Xt. ons haat en woede

7.
en wraak gedra het! § Dit is die geregtighd wat
God ons wil leer: die volkere v.d. wêreld, ons
volk, ja vir u en my! Want sy geregtighd
wil Hy leer aan die inwoners v.d. aarde –
nie net aan een volk nie, maar aan die hele
wêreld! Het ons dd. geregt. beoefen] Dis die vr.
[En as ons dit verstaan, kan die gevolge nie
uitbly nie: 'n nuwe gees, 'n lewe, nuwe wêreld, nuwe
aarde en hemel: die Kon. v God op aarde!]
En Mr. as ons nie wil hoor nie, as ons nie
Gods doel wil sien en uitleef nie, sal God
moet aanhou met straf, onverbiddelik en hard
moet straf totdat die mens hoor en verstaan!
As ons dit egter verstaan en beoefen, kan
die goeie gevolge nie uitbly nie: daar sal
moet kom 'n nuwe gees, 'n nuwe lewe, 'n nuwe
wêreld, 'n nuwe ~~hemel & aarde~~ skepping:
Die Kon: v. God op Aarde